5. Small *physical actions* on the stage are important. The actor must believe in them and try to do them as consciously as possible; i.e actions on stage must have a motivation/reason.
6. To bring truth and conviction to his portrayal of a character, an actor should draw on his *emotional memory* (the store of emotional experiences lying dormant in his subconscious mind).
7. Good communication between performers on stage is achieved by *activating the senses*, particularly by listening attentively and looking directly and consciously at the other characters.
8. An actor must use his *intellect and emotional perspective* to understand the text of the play.
   - He must have the will and determination to develop the character consistently.
   - He must also have enough feeling for the part to make it convincing and truthful on stage. This is achieved by knowing the subtext of a character's dialogue.
9. An actor does *not identify* with his part completely.
   - He 'lives, weeps and laughs on the stage, and while weeping and laughing he observes his laughter and tears.'
10. 'Love art in yourself, not yourself in art.'

I would use Stanislavski's process to create the character of Thando.
Firstly I would study the text in detail referring to the overall objective of the text and then break it up into scenes, each with its own objective. Thando is a loving and obedient daughter who follows her traditions and culture. She respects her father's rules and his authority. She does not question or challenge him in any way. But since Mandisa's arrival she has become a bit stronger and now demands to know what happened all those years ago when her mother left. The actor must understand the character and draw on her emotional memory so she could give a truthful portrayal. She must also have enough feeling for the part to convince the audience.

The next step is internalisation where tools such as 'emotional memory' (remembering a similar time in one's own life to access the emotions needed) and 'the magic if' (asking oneself 'How would I feel if I was in this position?') are used to create the internal feelings necessary for truthful emotions. I have never been in Thando's position so I would use the 'magic if' and ask myself how I would feel if I wanted information on my mother who left me because it was causing me great emotional pain.
The final step is physicalisation. The character has to come alive on stage using detailed and small accurate actions. To do this I would convey Thando's boldness in this scene and the strength she shows, through slight gestures and mannerisms.

| MARKS | 7.3.2 | LEVEL DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 7–8 | Very good | Candidate is able to clearly discuss Stanislavski's techniques and is able to link these to the characterisation of Thando. Links Stanislavski's method of the performance preparation with examples of the character's history, personality and actions. |
| 5–6 | Good | Candidate is able to describe Stanislavski's techniques and link these to the characterisation. Often the description of the techniques is more detailed than the connection to the character's actions and personality. |
| 3–4 | Average | Candidate EITHER has a grasp of Stanislavski's techniques and is able to describe it in some detail but lacks the ability to relate the characterisation to Stanislavski's techniques OR describes characterisation in a sketchy manner and fails to relate to the process of preparation. |
| 0–2 | Weak | Candidate gives a basic description of a character but fails to link to Stanislavski's techniques, except to say for example 'speak loudly', 'act correctly'. |

(8)

7.4 Costumes add to the illusion of reality and reflect the social and economic status of the characters, as well as their personalities and professions.
Sipho – could wear a conservative, smart well worn suit. A hat, shoes that are well cared for. A white shirt with braces and he may carry a folder or briefcase. All these choices reflect his age, personality and his socio-economic status.
Thando – dress fairly conservatively to reflect her respectful demeanour and profession. Sensible shoes.
Mandisa – has the London look. She is interested in fashion so her clothes would be modern representing the fashion of the day. Trendy as it represents her outgoing nature.
(Accept candidates' responses where relevant and appropriate.) (6)
**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

8.1. (Accept any other reasonable and relevant answer that is motivated.)
The actor could:

- Adjust the volume of his speech. He could project more when he says the lines of the poem so that the audience would know this is not the way he normally speaks.
- Make use of a declamatory vocal tone to indicate that it's the lines of a poem.
- Emphasise the lyrical quality of the poem when reciting it.
- Speak slightly slower. (4)

8.2 Award THREE marks for answering on fog and THREE marks for answering on time.

**Fog:**

- This image is a reminder of the locality of the setting.
- It serves as an indication of the hostile weather beyond the walls of the room.
- The imagery of the fog creates a kind of isolation from the rest of the world
- It carries a sense of confinement and siege.
- Metaphorically, the fog is something that prevents us from seeing clearly.
- Its presence in the story serves to reinforce the confusion of the characters once their interactions go beyond the sunny pleasantries.

**Time:**

- We find different kinds of time in the play.
- In the poem the ground swell is presented as something eternal, keeping a time that is disconnected from time as we understand and experience it.
- Although the characters live in the confines of past, present and future, the groundswell will continue in its own unhurried present.
- It suggests that there is another time where things can still be changed, renewed and perhaps redeemed.
- In this sense the use of time in the play indicates hope. (2 x 3) (6)

8.3 In *Groundswell* there are tensions between the three characters that prevent them from reaching any lasting agreement. These tensions are historical, the result of storms of a past that divided them. The conditions of apartheid shaped all three characters and it is the backdrop against which *Groundswell* is written.
It was during the apartheid times that PW Botha said that he would 'cross the rubicon', meaning that he would start to break down Apartheid (this is where the name of the wine originates from).
During apartheid, many black people were victimized through the use of police raids on their homes and accused of being 'terrorists' and hostile toward the state. Sometimes they were sent to prison but often they were shot and the police pretended that the accused had tried to escape. As a result of apartheid policies black people lived in poor and poverty-stricken conditions in

areas separated from white towns and suburbs. Humiliation and indignity at worst, patronisation at best, was what they received at the hands of their white employers.
The three men in the play lived through the years of apartheid. The unfinished business of their past troubles the surface of the present so that they cannot find each other. (4)

8.4 As the title, *Groundswell* provides clues to the main themes of the play.
The literal meaning of 'ground-swell' is that it is a deep swell or heavy rolling of the sea. It suggests the play's natural setting: a coastal village, where the sea strongly influences the atmosphere and the activities of the people.
The socio-political background of South Africa provides the groundswell in its metaphorical sense. As an emotional metaphor it hints at the unresolved issues, the issues of identity and the guilt that disturb the interactions of the characters.
The idea of a groundswell has been chosen by the playwright, because it suits the mood of the play: an unsettled surface suggesting the influence of something unseen and disturbing. (6)

8.5 *Should candidates make close reference to the text, marks should be awarded accordingly. Award FIVE marks per theme.*

**Belonging and identity.** Johan's life was shaped and defined during the apartheid era. To a large extend Johan's past has shaped his future. Although the politics and government of the country have been changed for more than ten years at the start of the play, Johan is still struggling with his unresolved past and subsequently he struggles to find out where he belongs. By means of his friendship with Thami, Johan has tried to find liberation from his past. He has defined a future for Thami that will include himself as a close neighbour. These efforts all link to his deep rooted issues of belonging and identity. It is a clue to Johan's desperate need: to be allowed out of his isolation and to end his long years of banishment. From Thami, Johan wants forgiveness, understanding and acceptance. Although there is no physical reason why Johan cannot plan to be neighbours with Thami, the obstacles in his way are internal. Although Johan is trying to find out who he is in the new South Africa and how he fits into it, he remains bound to a view of himself that reflects the past and obstructs his ability to adapt and to find a new identity.

**Guilt and redemption**. Johan has his own burden of guilt – because of a mistaken sense of danger at the time, he has killed a man.

His subsequent dismissal from the police force, and his treatment as a scapegoat by white society, seem to have been supported by a deeply-felt self-chastisement.

Johan's sense of guilt is very important to the play. It may be said to be the driving force behind his desire to help Thami, and to be accepted into Thami's world. It is also behind his vehement attacks on Mr Smith, whom he identifies as representing those middleclass whites who allowed him to take the blame for apartheid's dirty work, while they got on with their lives, pretending that all was well and that they were blameless.

Johan very badly wants Mr Smith to own up to his guilt. It is not, however, because he wants to punish him. It is because, he insists, confession is the way to redemption. Redemption is what Johan of course wants for himself, and it becomes evident in the last scene that, to his mind, helping Thami to achieve a better future is his only way to it. Thus, he tries to get Mr Smith to feel the same kind of consuming guilt that he does and to recognise an equal need for redemption.

| MARKS | 8.5 | LEVEL DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| **8–10** | **Very good** | Candidate describes the themes of the play relating to the character of Johan with clarity and detail, using specific examples from the play to illustrate his/her answer. |
| **4–7** | **Average** | Candidate manages to explain the themes of the play relating to the character of Johan, but lacks clear examples. There are some omissions in the answer. |
| **1–3** | **Weak** | Candidate makes generalised statements with vague reference to the question. Answer lacks clarity. |

(5 x 2) (10)
**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Hierdie deel van Tjokkie se visioen sinspeel op die moontlike swangerskap van Tiemie. In die eerste toneel vertel Tiemie aan Tjokkie dat sy moontlik swanger is met Jakes se kind. Wanneer Tjokkie praat van die jong man wat 'n saadjie plant, sinspeel dit op Jakes wat Tiemie swanger probeer maak het. Tjokkie sê dis 'n ouer man se saadjie wat groei – dit sinspeel daarop dat Tiemie by iemand anders as Jakes swanger is (volgens Jakes is dit 'n 'dandy') en dus was sy ontrou aan Jakes. Tjokkie se visioen bevestig ook die swangerskap waarvan Tiemie tot dusver nog nie seker was nie. (4)

9.2 Dit is belangrik dat die akteur se stemvertolking in die herhaling van hierdie woorde 'n **opbou** in spanning skep. 'n Dreigende atmosfeer wat groei moet oorgedra word. In reël 6 sal die volume sagter wees en die reël sal met baie ingehoue spanning gesê word. Die akteur sal van 'n lae stemtoon gebruik maak. Reël 8 sal met meer volume en dringendheid gesê word en die akteur se stemtoon sal styg. In reël 11 bereik Jakes se stemintensiteit 'n klimaks, en die akteur kan dit oordra deur óf sy stemprojeksie en stemtoon nog meer te laat styg, óf sy stemtoon te laat sak en die woorde afgemete te sê om sy interne spanning oor te dra.
Aanvaar ook ander gemotiveerde voorbeelde wat aansluit by die teks en die karakter van Jakes. (5)

9.3 Ja. Dit is onseker of Tjokkie wel alles 'gesien' het wat hy meedeel, en of hy (soos wat Fé voorgestel het) dele daarvan bygelieg het om Tiemie teen Jakes te beskerm. Dit maak die eerste deel van die visioen (waar die mans in die akkertjie plant) verdag en wek onsekerheid oor die res van die visioen.
Sy beneweldheid en verwarring ná die visioen suggereer aan die een kant dat dit wel eg was, maar aan die ander kant kan hy ook beneweld en deurmekaar wees a.g.v. die daggasigaret wat Jakes hom gedwing het om te rook voor die visioen. Daar is in die teks geen aanduiding of sy visioen dat oorle pa gaan

terugkom eg is en waar geword het nie – hierdie deel van sy visioen kan moontlik 'n verlange van sy onderbewussyn wees om sy gesin te herstel.
Dat Tjokkie die skimmel-wenperd korrek voorspel, is die enigste deel van die visioen wat waar word en dus Tjokkie se bonatuurlike gawe bevestig. Maar selfs dit kon blote raaiwerk gewees het. Wanneer die skimmelperd die 'July' wen, neem die karakters van die toneelstuk dit egter as 'n bewys dat die ander twee dele van die visioen ook waar moet wees, al is daar geen bewyse voor nie. (4)

9.4 Tjokkie se gawe om te 'sien' is die katalisator van die gebeure, want almal se hoop op moontlike uitkoms is op hom gevestig.
Hy beskou dit as 'n heilige roeping, maar ook as 'n talent wat probleme gee. Mense misbruik sy talent soos hulle lekkerkry. Sy talent bring vir hom niks anders as pyn nie. Hy is 'n hulpelose slagoffer van sy talent, sy gawe om te sien. Dit word ingelei in die eksposisie wanneer Giel suggereer dat Tjokkie 'bedonnerd' genoeg is om te kan sien. Ma voel dat die sienery Tjokkie seer maak. Almal wil hê dat Tjokkie moet sien – Giel, Fé (ter wille van Tiemie) en uiteindelik Jakes en Giel om hulle onderskeie moeilikhede op te los. In die tweede bedryf word Tjokkie deur Jakes en Giel fisies gemartel – hier word hy al klaar 'n slagoffer van sy gawe. As gevolg daarvan dat hy kan 'sien', vervul Tjokkie die rol van 'n onskuldige sondebok op wie al die skuld geplaas word en wat die pyn vir ander dra. Na sy visioen word hy gepynig deur sy gewete. Wanneer hy in sy verwarde toestand ronddwaal, sê hy tot en met sy selfmoord feitlik niks anders nie as "Dis my skuld", "Ek het alles bewetter" en "Ek maak net almal seer". Hy neem die skuld van ander se pyn op himself en pleeg aan die einde van die drama selfmoord as gevolg daarvan.

| PUNTE | 9.4 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 5–6 | Uitstekend | Antwoord is gefokus en goed gestruktureerd. Kandidaat is in staat om duidelik te antwoord en verwys direk na die verskillende wyses waarop Tjokkie sy gawe ervaar asook ander karakters se verwagtinge daaroor. Hy/sy bespreek die gevolg van Tjokkie se visioen in detail. Kandidaat toon uitstekende insig en begrip vir die vraag. |
| 3–4 | Gemiddeld | Kandidaat toon beperkte insig in sy/haar bespreking van die vraag. Sekere aspekte van hoe Tjokkie sy gawe ervaar word bespreek, maar die antwoord kort diepte. Vir 3 punte: die antwoord is simplisties en basies. |
| 1–2 | Swak | Kandiaat verstaan nie die stelling nie en maak algemene stellings oor Tjokkie en die storielyn van die drama. Vae, ongemotiveerde verwysings na Tjokkie se gawe. |

(6)

9.5 Daar is 'n gehegtheid tussen broer en suster. Dit is met Tjokkie wat Tiemie kom praat as sy vermoed dat sy swanger is. Sy noem hom ook 'boetie' (i.p.v. op sy naam) wat dui op haar nou band met hom. Tjokkie het op sy beurt ook 'n sagte plek vir sy suster. As kinders het Tjokkie en Tiemie saamgestaan teen die Suburbs in hul strewe na 'n beter lewe (volgens hulle jeugdroom dat hulle anderkant die spoorlyn gaan bly en dat Ma getroud sal wees.) Tjokkie hoop dat Tiemie dit sal regkry om uit die Suburbs te ontsnap. Hy is baie bitter wanneer hy hoor dat sy Jakes se kind verwag. Dit is asof sy hom persoonlik teleurgestel het en hy is baie ontsteld oor wat 'n moontlike swangerskap deur Jakes vir haar inhou. (5)

9.6 3 punte word toegeken aan die beskrywing van Tjokkie se kostuum, en 3 punte vir die beskrywing van Tiemie s'n. Die keuse van kostuums moet gemotiveer word ten einde volpunte te verkry.
**Tjokkie**: hy is geklee in 'n oorpak, moontlik met olie besmeer. Dit dui daarop dat hy homself besig hou met die herstelwerk aan die motor en ander take rondom die huis. Sy oorpak lyk nie nuut nie en dit is vuil. Dit lyk asof Tjokkie nie 'n formele beroep het nie en of hy hom meestal besig hou met die herstelwerk aan die motor.
**Tiemie**: volgens die nuutste mode aangetrek, effens uitdagend. Tiemie wil graag uit die suburbs kom en maak seker dat sy modern en aantreklik lyk. Sy het 'n betreklik goeie werk en kan dus modieuse klere bekostig. Sy is mooi en haar kleredrag weerspieël haar aantreklikheid. Haar kleredrag pas in by die 'dandies' (hoër sosiale stand) en lyk nie armoedig nie. (3 x 2) (6)
**[30]**

## VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET

10.1 10.1.1 Miem wou weet wat die oorsaak van Konstabel se blindheid was. Sy het hom gevra om hulle te vertel of hy van altyd af blind was, en of dit eers later in sy lewe gebeur het, en hy het haar geantwoord deur die storie van die sonsverduistering te vertel. (2)

10.1.2 Konstabel het as jong seun eendag sy ouers gesoek en gesien hulle hou elk 'n skerf gerookte glas voor hulle gesigte. Hy het kombuis toe gegaan en by tant Hannie 'n glasskerf gekry sodat hy ook daardeur na die sonsverduistering kon kyk. Sy broer het ook 'n glasskerf gekry. Konstabel en sy broer het op die dak geklim. Die wind het aan Konstabel geruk en hy het geskrik en sy glasskerf laat val. Konstabel het met sy blote oog na die son gekyk en as gevolg daarvan blind geword. (4)

10.1.3 Konstabel se bisarre vertelling van die sonsverduistering gaan saam met gedruis van wind, val van kwepers soos hael en blomme wat wegvlieg. Hierdie beelde is misterieus en word soos 'n onwerklike droom aangebied – terwyl Konstabel die storie van die sonsverduistering vertel, word die gevoel dat iets abnormaals besig is om te gebeur, aan die gehoor oorgedra.
Gewoonlik assosieer ons die son met lig en lewe. Volgens Griekse mitologie word die son ook met manlikheid geassossieer: Apollo word gesien as die manlike songod, terwyl Artemis die vroulike maangodin is. Die maan en donkerte hou met mekaar verband, en op simboliese vlak word die maan as die vroulike element dus verbind met donkerheid – die donkerwêreld van die onderbewussyn, dit wat ons nie alleenlik met die intellek kan peil nie. Konstabel vertel dat die maan tydens 'n sonsverduistering oor die son gly. Wanneer dit gebeur, word die son as rasionele manlike (die een wat dink en doen) simbolies versoen met die irrasionele, donker vroulike kant. Meisie dans aan die einde uit in die donker wêreld en word deur Konstabel gevolg. Dit dui op die versoening tussen irrasionele (maan, vroulike) en rasionele (son, manlike). Sy beweeg van Miem se rasionele wêreld na die irrasionele sirkusagtige droomwêreld van Konstabel. Dus is Konstabel se

vertelling van die sonsverduistering aan die begin van die toneelstuk simbolies van wat in die finale oomblikke van die toneelstuk gebeur.

Konstabel het blind geword gedurende die sonsverduistering, maar in die toneelstuk sien ons dat sy blindheid verdwyn in die nag/donker as hy tot nar transformeer. Bedags in die son is Konstabel blind/kan hy nie sien nie. Hy is onvolmaak. Hy kan net in die aand sien, in die vroulike lig van die maan, omdat hy saam met die vroulike volledig mens word. Net soos die vereniging van die manlike (son) en vroulike (maan) tydens 'n sonsverduistering, word Konstabel en Meisie aan die einde van die toneelstuk verenig wanneer hulle saam wegloop.

| PUNTE | 10.2.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **7–8** | **Baie goed** | Kandidaat is in staat om duidelik en direk te antwoord deur te toon hoe die vertelling van die sonsverduistering simboliese betekenis in die toneelstuk aanneem. Hy/sy bespreek die verhouding tussen die son en die maan en verbind dit aan die karakters en temas van die toneelstuk. Die kandidaat toon insig. |
| **4–6** | **Gemiddeld** | Kandidaat verduidelik sommige aspekte van die simboliese betekenis van die sonsverduistering. Hy/sy verbind dit met die karakters, maar brei nie uit oor hoe die vertelling van die sonsverduistering die atmosfeer van die toneelstuk verryk en betekenis aan die toneelstuk gee nie. |
| **0–3** | **Swak** | Kandidaat is geneig om veralgemenende stellings oor die sonsverduistering te maak wat meestal verbind word aan die plot/intrige van die toneelstuk. Simplistiese, vae verwysing word gemaak na hoe dit simbolies in die toneelstuk gebruik word. |

(8)

10.2 10.2.1 *Aanvaar enige VIER van die volgende betekenisse:*
Mis as **bemesting**.
Mis kan ook dui op **mistigheid/onduidelikheid**.
Die uitdrukking: **Jy het dit mis** (jy is verkeerd)
Dit kan ook dui op die aards-alledaagse, selfs **boersheid**. Die emmer wat menslike uitskot stort, is simbolies hiervan.
Mis kan ook na **Nagmaal (Roomse Mis)** verwys. (4)

10.2.2 *Aanvaar ander gepaste voorbeelde uit die toneelteks.*
Enige TWEE van die volgende betekenisse kan bespreek word:

Mis as **bemesting:** Dit is die mees opvallende betekenis. Meisie en Miem maak 'n lewe uit die mis wat hulle aan boere verkoop. Maar die mis is vir Meisie 'n groot frustrasie, want sy kla teenoor Konstabel dat die mis baie sleg ruik en dat dit vlieë lok. Sy voer dit aan as rede waarom daar nie kêrels by haar kom kuier nie. Sy plant rose voor haar kamervenster om die misreuk te verdryf. Hierdie mis kan dan ook dui op vrugbaarheid. Miem sê bv. dit is vroeglente en almal wil hulle grond bewerk. In 'n simboliese sin groei Meisie as 'n blom tot bevryding uit hierdie mis.

Mis kan ook dui op **mistigheid/onduidelikheid** – iets wat verhoed dat jy duidelik kan sien. Dit is simbolies van Miem en Gertie se onvermoë om die werklikheid te sien. Hulle leef in hul eie eng wêreldjie waarin alles vir hulle 'n bedreiging inhou en as hulle iets nie verstaan nie (soos die verdwyning van die meisies), heg hulle vinnig hul eie interpretasie daaraan. Hulle staar hulle blind teen die feite/realiteite soos een wat deur 'n mistigheid na iets kyk.

Die uitdrukking: **Jy het dit mis** is van toepassing. Beide Miem en Gertie het dit mis as hulle dink die ander meisies is vermoor. Hulle het dit ook mis as hulle dink hulle kan regtig die 'boosheid' waarvoor hulle so bang is, besweer deur deure en vensters te grendel. Hulle het dit mis as hulle glo dat die Konstabel hulle regtig gaan beskerm. Dit gaan om 'n 'misverstaan' van sake.

Mis kan ook dui op die aards-alledaagse, selfs boersheid. Die emmer wat menslike uitskot stort, is simbolies hiervan. Dit besmet hul hele bestaanswêreld. Voorbeelde hiervan in die toneelstuk is dat Gertie onbeskaamd vir Miem en Meisie van die 'fratse' in die sirkus vertel. Ook Miem wat van haar korset ontslae raak en vir Konstabel sê dat sy 'n man mis (omdat haar man 7 jaar gelede 'opgegaan' het), is redelik boers en grof. Wanneer Miem vir Meisie aan Konstabel wil verkoop deur hom van die breedte van haar heupe te vertel, sien 'n mens dat die boerse onderstroom in die toneelstuk in kontras staan met Miem en Gertie se Calvinistiese moraliteit.

Mis kan ook na **Nagmaal (Roomse Mis)** verwys.
Die betekenis van Meisie se voorstellingsrok (wat aan die einde van die toneelstuk gedra word), is relevant. Na jou voorstelling, aanvaar die kerk 'n persoon as 'n volwassene, en dan kan jy Nagmaal begin gebruik. Jy is dus in die oë van die kerk volwasse. Meisie se ma sien haar nie in dieselfd lig nie en oorbeskerm haar eerder. Die reinheid wat die wit rok suggereer, kan wys op die huwelik, wat op sigself weer die begin van 'n nuwe lewe is. Vir die Christen is Nagmaal die begin van nuwe lewe - die dood en opstanding van Christus, en lewe vir ons. Dit sluit aan by Miem se verwysing dat haar man, Gabriël, 'opgegaan' het. (Amper 'n soort hemelvaart). Sy glo ook dat hy hulle nie in die steek sal laat as iets verkeerd loop nie.

| PUNTE | 10.2.2 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **5–6** | **Baie goed** | Die kandidaat demonstreer uitstekende begrip van hoe die betekenisse van die titel in die teks toegepas word. Die antwoord is duidelik en direk. Verwysing word gemaak na voorbeelde uit die teks. Die kandidaat toon insig. |
| **3–4** | **Gemiddeld** | Die kandidaat demonstreer 'n beperkte tot goeie begrip van hoe die betekenisse van die titel in die teks toegepas word. Die antwoord toon basiese kennis, maar kort insig en kreatiwiteit. Vir 3 punte: die antwoord is simplisties en basies. |
| **0–2** | **Swak** | Die kandidaat se antwoord is 'n veralgemening, met vae verwysing na die vraag. Daar is 'n bietjie verwysing na die vereiste antwoord, sonder enige voorbeelde uit die toneelstuk. |

(3 x 2) (6)

10.3 **Die sakke mis:** Die sakke mis sluit aan by die bekrompe, eng en geïsoleerde lewe wat Meisie het waarvan sy wil ontsnap. Sy het nie 'n normale jongmeisielewe nie, omdat daar nie kêrels vir haar kom kuier nie. En as daar kêrels kom kuier, jaag die stank van die mis hulle weg. Haar kanse van ontsnapping uit haar geïsoleerde lewe is baie min en die altyd teenwoordige sakke mis simboliseer dit. (3)

**Die appel**: Die appel is simbolies die vrug van verleiding. Daar is 'n appel in Konstabel se sak, en wanneer hy dit uithaal en eet, word dit 'n simboliese vooruitwysing na die feit dat Konstabel Meisie gaan 'verlei' om die huis te verlaat – net soos Eva in die paradys verlei is om verbode vrugte te eet. (3)

**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**

## AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING

AFDELING C is VERPLIGTEND.

### VRAAG 11

Nasieners moet daarvan bewus wees dat die kandidate die gedig vir die eerste keer sien. Kreatiewe antwoorde en eie opinies moet aanvaar word, maar maak seker dat die antwoorde uit die gedig gemotiveer is.

11.1 'n Subjektiewe antwoord word vereis. Aanvaar dus kandidate se antwoorde indien dit goed gestaaf word.
Kandidate kan EEN punt gee wat goed gestaaf word, of hulle mag DRIE punte kortliks lys.
Die volgende is slegs 'n voorgestelde antwoord.
Ek sal die gedig eers 'n paar keer lees sodat ek sin daarvan kan maak. Ek sal van die regte frasering kennis moet neem terwyl ek lees, sodat die gedig sin maak wanneer dit uitgespreek word. Ek sal dan die plekke waar ek gaan pouseer en die tipe pouse wat ek sou gebruik, moet aandui; soos 'n pouse vir betekenis, 'n dralende of 'n dramatiese pouse. 'n Gebrek aan leestekens sal die pas/tempo van die vertolking beïnvloed, dus moet ek weet waar om die pas te versnel of te verstadig. (3)

11.2 Aanvaar enige TWEE stemvaardighede.
Kandidate kan uit enige van die spraakkenmerke kies om te verduidelik hoe hy/sy variasie in vokale vertolking sou skep, soos toonhoogte, pas, pousering, stemtoon, infleksie, en nadruk/beklemtoning. (4)

11.3 Gee TWEE punte vir gesigsuitdrukking en TWEE punte vir gebare en TWEE punte vir beweging indien dit goed gestaaf word. Kandidaat hoef net TWEE voorbeelde te bespreek.
Aanvaar gepaste gesigsuitdrukkings en gebare wat deur kandidate voorgestel word. Party kandidate sal moontlik beweging insluit soos om vorentoe te tree terwyl 'n spesifieke reël uit die gedig gesê word. (4)

11.4 Gee TWEE punte vir die oefening en TWEE punte vir die verduideliking.
Aanvaar enige gepaste stemopwarmingsoefening.
Stemopwarming berei die stem vir spraak voor sodat 'n akteur met helderheid van stem, hoorbaarheid en volhoubare spraakvertolking kan optree. (4)

**[15]**

Kopiereg voorbehou 

**VRAAG 12**

12.1 Aanvaar komies of ernstig indien dit goed gestaaf word.
Komies – die gesigsuitdrukkings van die kunstenaars is geanimeerd en oordrewe wat 'n gevoel van pret oordra. Die kostuums is te oordadig vir fisiese teater, veral die dame se hoed en moue.
Die fisiese nabyheid van albei die kunstenaars in 'n ongemaklike posisie.
Die oorgrootte stoel sonder sitplek.
Die kunstenaar aan die regterkant wat die stoel probeer regop hou terwyl hy die ander kunstenaars veilig probeer balanseer.

Ernstig – Die styl is absurd, maar die onderwerpsmateriaal is ernstig.
Dit lyk asof die kunstenaars aan die stoel vashou asof hulle lewens daarvan afhang en asof hulle veg vir oorlewing.
Daar is slegs een rekwisiet – die groot stoel en 'n leë verhoog wat tipies is van absurdisme. (4)

12.2 (Aanvaar ander goed gemotiveerde antwoorde).
Die grootte en vorm van die rekwisiet sal definitief die manier waarop die kunstenaars beweeg, beïnvloed. Die gebruik van ruimte is beperk as gevolg van die groot rekwisiet wat gebruik word. Die manlike en vroulike kunstenaar aan die linkerkant het geen ruimte om te beweeg nie omdat hulle feitlik bo-op mekaar is. Die kunstenaar aan die regterkant kan nie beweeg nie omdat hy verantwoordelik daarvoor is om die rekwisiet regop te hou. Daarby neem die rekwisiet die meeste van die opvoerruimte in beslag wat baie min ruimte vir die kunstenaars laat om in te beweeg, as hulle kon beweeg. Die kunstenaars sal dit moeilik vind om die rekwisiet en hulle liggame met gemak te hanteer. (4)

12.3 Aanvaar beide versterk of verhinder of albei.
**Versterk** – Kostuums versterk opvoerings omdat die gehoor daardeur die karakters en die rolle wat uitgebeeld word, duideliker verstaan. Dit weerspieël die karakters se klas en status in die samelewing, die styl van die toneelstuk asook die tyd waarin die stuk afspeel.
**Verhinder** – In fisiese teater sal die kostuums die kunstenaars se bewegings definitief verhinder. Dit lyk asof die kostuums groot en lywig is, wat bewegings moeilik sal maak. Spronge sal nie so elegant lyk in die kostuums wat die kunstenaars dra nie. Skoene wat deur die kunstenaars gedra word sal ook die vrye vloei van beweging beïnvloed en dit sal verhinder dat die beweging egalig is. (4)

12.4 Aanvaar enige **DRIE** fisiese- of toneelspelvaardighede. Indien die kandidaat slegs die vaardigheid lys sonder om dit te beskryf, gee slegs 1 punt elk – 3 punte maksimum vir slegs 'n opnoem van vaardighede.
Byvoorbeeld, fisiese vaardighede soos soepelheid, krag, ratsheid, energie, fisiese fiksheid ens.
Toneelspelvaardighede – om in karakter te kom, selfvertroue, spanwerk ens.
(3 x 2) (6)

12.5 Aanvaar kandidate se kreatiewe response. Volpunte word slegs toegeken indien kandidate die rekwisiet gespesifiseer het en verduidelik hoe hulle die rekwisiet in hulle bewegingstuk aangewend het. (4)

Kopiereg voorbehou 

12.6

| PUNTE | 12.6 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **7–8** | **Baie goed** | Kandidaat bespreek op 'n duidelike wyse sy/haar eie groei en ontwikkeling in terme van die lesse en tegnieke wat aangeleer is. Sy/haar antwoord sluit by die vraag aan en die kandidaat skryf 'n uitstekende, vlot paragraaf. |
| **5–6** | **Goed** | Kandidaat is in staat om groei en ontwikkeling te beskryf en mag aansluiting vind by die tegnieke wat geleer is en hoe dit hom/haar bevoordeel het. Dikwels is die beskrywing van die tegnieke meer gedetailleerd as die aansluiting by sy/haar eie ontwikkeling. |
| **3–4** | **Gemiddeld** | Kandidaat is in staat om sy/haar groei en ontwikkeling in beperkte detail te beskryf, maar het nie die vermoë om ten volle daarby aansluiting te vind nie. Daar is gepoog om die praktiese klasse te bespreek. |
| **0–2** | **Swak** | Kandidaat gee 'n vae/basiese beskrywing van sy/haar groei as 'n Dramatiese Kunste-leerder sonder om ten volle by die vraag aan te sluit. Maak algemene stellings oor drama. |

(8)
**[30]**

## VRAAG 13

Kies enige EEN van die volgende drie vrae.

### 13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.1 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **12–15** | **Uitstekend** | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy kan opvoerings, eie ervaring en vaardighede by die aanhaling betrek. Kandidaat is in staat om **'n argument te bou** wat die waarheid van die aanhaling staaf en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van akteurs of hulself wat in iemand anders se skoene staan of onder die karakter se vel inkruip, sowel as die vaardighede wat hulle in die proses verkry het. |
| **9–11** | **Goed** | Kandidaat is in staat om ten minste een van die volgende te betrek om die geldigheid van die aanhaling te staaf: opvoerings wat gesien is; eie ervaring; en vaardighede wat verkry is. Hy/sy gebruik voorbeelde van akteurs wat in die karakter se skoene staan of onder die karakter se vel inkruip. |
| **6–8** | **Gemiddeld** | Kandidaat moet voorbeelde gee van òf opvoerings òf eie ervaring sowel as vaardighede wat verkry is, maar is nie altyd in staat om dit te betrek by die aanhaling nie. Betrek soms per toeval die aanhaling by sy/haar antwoord. |
| **4–5** | **Elementêr** | Kandidaat kry dit reg om sommige voorbeelde te gee van opvoerings wat gesien is en eie ervaring, en praat in die algemeen oor vaardighede. Maar kandidaat is selde in staat om dit by die aanhaling te betrek. |
| **0–3** | **Swak** | Kandidaat gee 'n paar basiese beskrywings van karakterwerk, maar het nie die vermoë om die aanhaling by eie ervaring of ander se opvoering te betrek nie. Vind glad nie aansluiting by die aanhaling nie. Maak oor die algemeen stellings wat op 'n baie eenvoudige manier betrekking het op een of meer van die punte. |

**[15]**

**OF**

## 13.2 MEDIASTUDIES (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.2 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **12–15** | **Uitstekend** | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy spreek alle aspekte van die vraag aan. Kandidaat is in staat om **'n argument te bou** wat die geldigheid van die aanhaling ondersteun en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde om sy/haar uitgangspunt te ondersteun. |
| **9–11** | **Goed** | Kandidaat is in staat om ten minste by een van die volgende aanklank te vind om die stelling te ondersteun: spesifieke genre, tegnieke wat gebruik is en die teikengehoor. Kandidaat maak duidelike, goed gestaafde stellings oor hoe regisseurs probeer om 'n 'televisie oomblik' vas te lê. |
| **6–8** | **Gemiddeld** | Kandidaat moet aansluiting kan vind by die aanhaling. Hy/sy is in staat om 'n algemene antwoord te gee, maar is nie altyd in staat om dit by die aanhaling te betrek nie. Kan dalk ongestaafde punte skryf oor 'n gespreksprogram *(talk show)*, speletjiesprogram of werklikheidsprogram. |
| **4–5** | **Elementêr** | Kandidaat kry dit reg om sommige voorbeeld/e van een van die bulletinpunte te gee, maar is selde in staat om dit by die aanhaling te betrek. Vae en veralgemenende stellings word gemaak oor een gespreksprogram *(talk show)*, speletjiesprogram of werklikheidsprogram. |
| **0–3** | **Swak** | Kandidaat maak vae en algemene stellings, maar het glad nie die vermoë om by die aanhaling en die vraag aan te sluit nie. Gee oor die algemeen kommentaar wat baie eenvoudig aansluit by een of meer van die bulletinpunte. |

**[15]**

**OF**

## 13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **12–15** | **Uitstekend** | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy bespreek 'n Inheemse seremonie, toneelstuk, ritueel of ervaring wat hy/sy gesien, bestudeer of self ervaar het op 'n omvattende wyse. Kandidaat is in staat om **'n argument te bou** wat die geldigheid van die aanhaling ondersteun en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde om die akkuraatheid van die aanhaling te bespreek. Is in staat om 'n duidelike, samehangende en goed gestaafde verduideliking van die bulletinpunte te gee. |
| **9–11** | **Goed** | Kandidaat verstaan die aanhaling en is in staat om 'n Inheemse seremonie, toneelstuk, ritueel of eie ervaring wat hy/sy gesien, bestudeer of self ervaar het te bespreek. Kandidaat verbind sy/haar antwoord met die stelling. Hy/sy gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde om die akkuraatheid (waarheid) van die aanhaling te bespreek en vind aansluiting by die bulletinpunte van die vraag. |
| **6–8** | **Gemiddeld** | Kandidaat maak stellings oor die aanhaling en kan aansluiting vind by 'n Inheemse seremonie, toneelstuk, ritueel of eie ervaring wat hy/sy gesien, bestudeer of self ervaar het. Kandidaat gee voorbeelde om die geldigheid van die aanhaling te bespreek en poog om die vraag te beantwoord, alhoewel dit nie in diepte gedoen word nie. |

| | | |
|---|---|---|
| **4–5** | **Elementêr** | Kandidaat kry dit reg om 'n paar voorbeelde van enige Inheemse seremonie, toneelstuk, ritueel of eie ervaring te gee wat hy/sy gesien, bestudeer het of self ervaar het, maar is selde in staat om dit by die aanhaling te betrek. Kan kortliks een van die bulletinpunte noem wat gevra word, soos die rol van die deelnemers ens. |
| **0–3** | **Swak** | Kandidaat gee 'n paar basiese beskrywings van enige Inheemse seremonie, toneelstuk, ritueel of eie ervaring wat hy/sy gesien, bestudeer of self ervaar het. Oor die algemeen is stellings wat betrekking het op die antwoord per toeval reg. Enige aansluiting by die vraag is swak of bestaan glad nie. |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou